

INTERESSANTE FEITE OOR STAMVADER DIRK CORNELISZ SOOS IN SY GESLAGREGISTER AANGETEKEN OP 8 MAART 2022

Aantal name in die register 18315

Aantal persone aangedui as lewend 10750

Aantal persone reeds oorlede 7565

Persoon wat oudste geword het Petrus Hermanus Vermeulen <1411>D 107jr 3mde 7dae

Aantal Mans 9186

Aantal vroue 9099

Onbekende geslag 30

Aantal huwelike : 7632

Langsdurende huwelik 74jr en 11mde 12 dae

Totale aantal kinders gebore : 10469

Gesinne met 10 of meer kinders 110

Name wat meeste voorkom is Jan Gabriel 110, Maria Magdalena 100, Maria Elizabeth 91, Petrus Johannes 89, Ockert Johannes 87, Jacobus Johannes 72, Hendrik Johannes 59 en Michael Johannes 58 keer.

Vanne van persone wat meeste met Vermeulens getroud is : Van der Merwe 110, Pretorius 106, Venter 102, Botha 99 en Swanepoel 88 keer.

Plekname wat die meeste voorkom : Pretoria 735, Johannesburg 383, Carnarvon 346, Victoria-Wes 321 en Bloemfontein 315, Sutherland 279 en Clanwilliam 246 keer.



Vermeulen wat die oudste geword het se grafsteen in die Primrose begraafplaas Germiston. Petrus Hermanus Vermeulen <1411>D is gebore 12.01.1875 te Colesberg en oorlede op 19.04.1982 te Klipfontein Kemptonpark. Hy was tweekeer getroud en hy het 13 kinders gehad.

Behalwe die familienaam wat hierbo vermeld word, verskyn onder andere die name Cornelis Frans, Cornelis Francois, Cornelius Francois en Cornelius Frans en of ander name agter Cornelis en of Cornelius in die stamboek van Dirk. Die naam Cornelis en of Cornelius kom 135 keer voor in die register. Die oudste is Cornelis<2> wat ongeveer 1708 gebore is en die seun was van Dirk Cornelisz.

Indien jy nog altyd gewonder het waarom stamvader Dirk so baie afstammeling het, is dit duidelik dat die 110 gesinne met 10 of meer kinders grotendeels daartoe bygedra het